As die vyeboom bot

Hoor die stem van my beminde
Die aandwind dra dit sag verby
Kom my kind kom hier na my toe
Ek wag vir jou – kom sit by my

Kyk die ... winternagte word al korter
Die stormsee begin bedaar
Kyk die bloeisels aan die bome
Die tyd vir huil is amper klaar

Die oggendson is aan die opkom
Netnou sal dit warm wees
Sodra die dag breek en die son skyn
Sal sy strale jou genees
In die strale van die sonskyn
Sal jou seerkry als genees

Die somer kom nou vinnig nader
Die vyeboom staan reeds in blom
Luister mooi na al my woorde
Dis amper tyd dat ek weer kom
Luister met jou hart beminde
Net vir my bruid gaan ek weer kom
As die vyeboom in bloei staan
Moet jy weet ek gaan weer kom
As die vyeboom in bloei staan
moet jy weet Ek gaan weer kom

Twee growwe hande

My lewe was eensaam – soos ‘n lewende hel
Verstote, verlate oor die sere op my vel
Maar ek hoor toe daar's 'n man wat uit Nasaret kom
En ek beur deur die skare tot naby aan Hom
Ek val toe op my knieë en ek roep uit my gees
Here as U net wil kan U my genees
Hy sê toe : 'Ek wil' en Hy vat toe aan my
Sy twee growwe hande bly my nou nog by

Elke dag het die engel die water kom roer
Maar my lyf was gekluister aan ‘n bed op die vloer
Soveel jare by die bad – soveel keer moes ek vra
Dat iemand my tog na die water toe sou dra
Hy sê toe ek moet opstaan, my bed vat en loop
En skielik was my lyf van al sy lamheid gestroop
Ek weet nie wie Hy was nie – Hy’t net gesê ek moet glo
Maar ek onthou sy growwe hande en die liefde in sy oë

Vir solank ek kan onthou het ek alles probeer
Maar niks kon die skande van bloed in my keer
O die dag toe Hy daar was was vir my soos ‘n droom
Ek het geweet ek moes net kon raak aan sy soom
Deur die malende massa was Hy amper verby
Maar ek skrik toe Hy stop en Hy omdraai na my
Hy sê : 'My dogter deur geloof is jou siekte genees'
En teen my wange was sy twee growwe hande gewees

Here Jesus ek staan nou hier voor U in gebed
Die melaatsheid van my sonde is al wat ek het
Soos die lam man van ouds wil ek U ook nou vra
Dat U my asseblief na die water sal dra
In geloof wil ek uitreik om aan U soom te raak
Dat U my stukkende siel heel kan maak
Ek wil vra dat U my tog genadig sal wees
Om ook twee growwe hande op my te lê in die gees

Saaier saai die Woord

Dun goue letters in 'n dun gou raampie op 'n pikswart buiteblad
Die mannetjie op die rugkant met die saaisak in sy linkerhand
Strooi die saad op goeie grond en harde pad

Saaier saai die saad - Saai die saad
Saai die saad deur die hele land
Saai die saad uit God se hand
Saaier saai die saad - Saai die saad
Saai die saad in goeie grond
Saai die saad oral rond
Deel die lewende Woord uit God se mond

Dun swart letters genommer in kolomme op 'n spierwit binneblad
Die soekershart se paaie lê oor die omgekrulde blaaie
Soveel hande soveel vingers se vat

Saaier saai die saad - Saai die saad …
… die lewende Woord uit God se mond

Wanneer my lewe begin om kantlangs uit te rafel
Gryp ek na die anker - die Bybel hier op die hoek van my tafel
Want verskuil in hierdie blaaie
Deur al die eeue ongestoord
Lê die bron van ons lewe in inkletterwoorde
Die lewensaar van God se Woord

Saaier saai die Woord - Saai die Woord
Saai die Woord deur die hele land
Saai die saad uit God se hand
Saaier saai die Woord - Saai die Woord
Saai die Woord in goeie grond
Saai die Woord oral rond
Deel die lewende Woord uit God se mond

Psalm 8

Here, ons Here

Hoe wonderbaar is u naam

Hoe glansryk die hemelruim

Selfs kinders besing dit saam

En dié vol wraak wat teen u staan

Word stil en swyg oor wat U doen

Here, ons Here

Hoe wonderbaar is u naam

Here, ons Here

As ek u handewerk aanskou

Wat is die mens dan

Dat U hom veilig onderhou

Met aansien en met eer gekroon

Laat U hom heers oor al u werk

Here, ons Here

Hoe wonderbaar is u naam

Gloria - In excelsis Deo

Gloria - Gloria in excelsis Deo

Net Een was waardig

Daar is 'n Skepper - Vader, Seun en Gees
Net Een was waardig
Daar was 'n Woord : "Laat daar 'n heelal wees"
Net Een, net Een - net Een was waardig

Daar was 'n vuur in die woestyn se nag
Net Een was waardig
Daar was 'n wolk teen die son in die dag
Net Een, net Een - net Een was waardig

Daar was 'n Redder aan 'n kruishout gestraf
Net Een was waardig
Daar was oorwinning oor die dood en die graf
Net Een, net Een - net Een was waardig

Daar is aanbidding - Kniel voor Hom op die grond
Net Een is waardig
Daar is 'n loflied in my hart en my mond
Net Een, net Een - net Een is waardig

Daar wag 'n weerkoms met die laaste trompet
Net Een is waardig
Daar is 'n boekrol en dis Hy wat dit het
Net Een, net Een - net Een is waardig

Daar is 'n Ruiter wat op 'n wit perd ry
Net Een is waardig
Sy naam is Jesus Immanuel vir my
Net Een, net Een - net Een is waardig

Net Jesus is waardig
Net Jesus is waardig
Net Jesus is waardig

Naby U

Naby U kom daar vrede in my hart
Naby U is ek vry
Naby U kan die oorvloed in my blom
Want alles wat ek nodig het
is in U hand en naby U te kry

Naby U is dit kalm in my gees
Naby U raak ek stil
Naby U klink die fluister van U stem
... sien ek die pad wat ek moet loop
en hoor ek die leiding van u wil

Naby U sing my hart 'n lied van lof
Naby U kan ek bly staan
Naby U sal ek vir altyd wil bly kies
om my oë op U te hou
en altyd nader aan U te gaan

Want hoe heftiger die storm - Hoe stywer hou u hand
Hoe listiger die vyand - Hoe meer kies U my kant
Hoe groter ook my hartseer - Hoe meer die hulp van bo
Hoe nader aan u hart - hoe duideliker die liefde in u oë

Naby U kniel ek nederig in gebed
Naby U - stil in die gees
Naby U spreek die lewe van u Woord
En sou ek net een keuse hê
sou ek altyd baie naby U wou wees

Naby U - Naby U - Naby U

Vanaand wil ek nie bid nie

Here Jesus - vanaand wil ek nie bid nie
Kan ek nie maar net stil
hier op u skoot kom sit nie
Sal U dan in die stilte met my praat
en my saggies vasdruk teen u bors
    Kom skink vir my in hierdie uur
    u water vir my gees se dors

Here Jesus - vanaand wil niks vra nie
Geen oorlogsleed of las
Geen pyn wat U moet dra nie
Sal U tog in die stilte aan my raak
en my veilig toevou in u hand
    Kom bind my tog in hierdie uur
    Aan U vas met 'n dieper liefdesband

Here Jesus - ek wil U nie ophou prys nie
Sal ek nie dankbaar sing
oor die guns wat u bewys nie
Sal U dus nou my liedjie hoor
want ek het iets wat ek vir U wil sê
    Om by U te wees in hierdie uur
    is al wat ek ooit sal wil hê

Here Jesus - vanaand wil ek nie bid nie
Wil U nie ook net hier - in my hart
In die gees by my kom sit nie

Olie van genesing

Olie van genesing vloei oor my
Bring herstel hier in my lewe - maak my vry
Daar's balsem van heling as U dit net beveel
Olie van genesing maak my heel

Die melaatses van die Bybel
Die blindes van U tyd
Het gekom dat U hul aanraak
verlos van hulle stryd
Hulle het geglo dat U kan heelmaak
Dat U ook regtig wil
U wonde bring genesing
U stem maak storms stil

Olie van genesing vloei oor my
Bring herstel hier in my lewe - maak my vry
Daar is balsem van heling as U dit net beveel
Olie van genesing maak my heel

Soos die melaatses van die Bybel
Soos die blindes kniel ons weer
Ons wil U soom kom aanraak
Ons bring ons pyn en seer
Ons glo dat U kan heelmaak
en dat U regtig wil
Deur U wonde kom genesing
U stem maak storms stil

Olie van genesing vloei oor my
Bring herstel hier in my lewe - maak my vry
Daar is balsem van heling as U dit net beveel
Olie van genesing maak my heel

Die Lam van die doring-kroon

Hy die Een sonder sonde bly getrou tot in die dood
Want aan die kruis gee Hy sy lewe

Soos sy liggaam aan die kruishout skeur,
skeur die voorhang middeldeur
Om vir die wêreld 'n pad na God te baan
Vir elkeen wat in duister dwaal het Jesus met sy bloed betaal
Dat ons in sy lig voor die Vader kan staan

Ons moet onsself net aan Hom oorgee
Alles totaal in sy beheer
Want net in sterwe kan ons lewe
Dis wat die Bybel ons leer

Sy liefde sal jou beskerm - Sy hand sal jou veilig hou
en bewaar teen die storms van die tyd
Die offer wat God bepaal het is die prys wat Hy betaal het
Alles en vir almal tot in ewigheid

As ons ons wil tog net wil neerlê
Hom vra dat Hy ons las help dra
As ons sy liefde net wil uitdeel
Dis al wat die Here van ons vra

Sy naam sal ons vesting wees - Sy Woord sal ons wapen wees
Deur geloof kan ons staan in die stryd
Hy het met sy bloed betaal
Op die wolke gaan Hy ons kom haal
Om saam met Hom te wees tot in ewigheid

Die Lam van die doring-kroon
Sit nou by God op die hemeltroon
Daar sal Hy heers tot in ewigheid

Verbly jou - Verbly jou

Verbly jou - verbly jou
Vind jou vreugde in Jesus
Ek herhaal verbly jou vir altyd in Hom
Verbly jou - verbly jou
Sing 'n lied voor die mense
Ek herhaal verbly jou - Die Woord het naby gekom
En die vrede van die Here wat ons glad nie verstaan nie
Sal ons almal in Jesus behoue laat bly
Kom bedink dit wat goed is
Sing 'n lieflike loflied
Die God van ons vrede bly by jou en by my

Kom verbly jou - verbly jou
Wees tog oor niks besorgd nie
Ek herhaal verbly jou - laat sy Gees in jou woon
Verbly jou - verbly jou
Sing 'n loflied vir Jesus
Ek herhaal verbly jou - Hy's ons blydskap ons kroon
En die vrede van die Here wat ons glad nie verstaan nie
Sal ons almal in Jesus behoue laat bly
Bedink dit wat goed is
Sing 'n lieflike loflied
En die God van ons vrede bly by jou en by my

Bly by jou en by my
Bly by jou en by my - Bly by jou en by my

Wie is die Een ?

Wie is die Een met die oë wat gloei soos kole
Die Een in bevel van die hemel se leër
Hy is 'n magtige Kryger sy wapen is liefde
Sy tong soos 'n swaard - Hy is Jesus die Heer

Hy is ons Koning en Here - ons Prins van vrede
Wat aan die kruishout met bloed betaal
Nou kan ons lewe in liefde - Hy kom op die wolke
Op die dag van die Here kom Hy ons haal

Laat alles met asem sy glorie besing
Laat elkeen wat glo voor Hom buig
Die aarde die hemel, die skepping vereer Hom
En ons wil ook nou oor Hom juig

Hy is die Een met die oë wat gloei soos kole
Die Een in bevel van die hemelleër
Hy is 'n magtige Kryger sy wapen is liefde
Sy tong soos 'n swaard - Hy is Jesus die Heer

Hy is ons Koning en Here - ons Prins van vrede
Wat aan die kruishout met bloed betaal
Nou kan ons lewe in liefde - Hy kom op die wolke
Op die dag van die Here kom Hy ons haal

Wees verseker Hy kom - kom ons haal

Uit één hart

Vader van liefde - Bron van ons krag
Ons bring in aanbidding ons loflied aan U
Here U het belowe om hier by ons te wees
As ons saam is in U naam in waarheid en gees

Jesus ons Redder - Immanuel
Ons kom ons lewens as lof-offer gee
Ons wil uit een mond U ryk en krag besing
En aan U o Skepper Heer ons loflied bring

Gees van die waarheid - Helper uit God
Leer ons om in liefde soos Jesus te dien
En bind ons dan saam Heer soos ons hier voor U staan
Om met liefde in ons hart na die wêreld te gaan

Sodat ons uit een hart
In eenheid kan bely
dat U Erekoning is
en dit altyd sal bly

Help ons om uit één hart
In eenheid te bely
Dat U Erekoning is
en dit altyd sal bly

Soos 'n man van die Woord

Here ons hoor U stem : U vra wie sal ek stuur ?
Om die wêreld te leer van God se liefde

Here ons meld ons aan - Raak ons aan met U vuur
Gee ons die krag vir die stryd - Hou ons wil in U beheer

Ons sal gaan en ons sal leef in Jesus se liefde
Ek en my huis sal vertel en U dien met ons lewe

Here ons meld ons aan sodat U ons kan stuur
Maak ons mans van die Woord laat U Gees in ons regeer

Ons kan staan - deur te leef
net soos U woord dit van ons vra
want U liefde oorwin die krag van die dood

Ons sal oorwin deur U bloed
en deur die Woord wat ons bely
in U naam kan ons staan - niks sal ons keer nie

Ons sal gaan ons sal leef in U liefde
Ons sal gaan - Ons sal doen soos U sê

Here ons meld ons aan raak ons aan met U vuur
Maak ons mans van die Woord laat ons saam met U regeer

Ons sal gaan - Ons sal leef soos U Woord ons beveel
Ons sal gaan - Ons sal leef soos U Woord ons beveel

Soos ’n man van die woord